Wes-Kaapse Regering
Onderwys

VERWYSING: 20110725-0055
13/12/45

NAVRAE: Oscar Apollis
Nariman Khan **TEL.:** 021 467 2597 **FAKS:** 021 467 2573

INRIGTINGSBESTUUR-EN-BEHEERBEPLANNINGSMINUUT : 0006/2011

AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN ONDERWYSDISTRIKSKANTORE), HOOFONDERWYSKUNDIGES, HOOFDE: KURRIKULUMKOÖRDINERING EN -ADVIES, KRING-SPANBESTUURDERS, HOOFDE: IBB-KOÖRDINERING EN -ADVIES, ADJUNKHOOFONDER-WYSKUNDIGES, IBB-BESTUURDERS, ADJUNK-HOOFONDERWYSKUNDIGES, ASSESSERINGSKOÖRDINEERDERS EN KURRIKULUMADVISEURS

HERSIENING EN VOORLEGGING VAN SKOOLGEBEURLIKHEIDSPLAN

1. Hierdie minuut dien as 'n kennisgewing aan alle skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement om hulle **skoolgebeurlikheidsplan** te hersien en voor te lê.

2. Ingevolge Staatskennisgewing 22754 (No. 1040) en die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid moet skole oor 'n veiligheidsplan beskik wat die volgende moet insluit:

   - **Beleidstelling**
   - **Algemene bou-inligting**
     - Ligging, aard van besigheid, getal werknemers, beheerkamer
   - **Terreinplan**
     - Uitleg van skoolgeboue en paaie
   - **Vloerplan**
     - Vloerplan van gebou(e), met aanduiding van nooduitgange en area waarvoor elke noodbeampte verantwoordelik is.
     - Vloerplan van die gebou(e), wat brandblussers, eerstehulptoerusting, nooduitgange en gevaarlike materiaal aandui
   - **Lede van die noodbestuur**
     - Name, verpligtinge en kontaknommers
   - **Dreigemente en moontlike gevolge en tempering**
   - **Noodresponsprosedures vir verskillende gebeurlikhede**
     - Stakings en wegblyaksies
     - Bomdreigemente
     - Vloede
     - Bendes
     - Brand, ens.
   - **Rolle en verantwoordelikhede van noodspanlede**
   - **'n Lys van alle telefoonnommers**

3. Hierdie skoolgebeurlikheidsplan moet deel vorm van die skoolverbeteringsplan.

4. Skole word versoek om hulle hersiene gebeurlikheidsplanne voor te lê aan hulle Veiligeskole-distrikskoördineerder teen 31Oktober 2011.

5. Indien u bystand benodig, kontak asseblief u Distrik se Veiligeskolekoördineerder, of Oscar Apollis of Nariman Khan by tel. 021 467 9367/ 2597/ 2790

6. Aangeheg is 'n profielvorm wat u sal help met die opstel of hersiening van u skool se gebeurlikheidsplan.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2011:09:05

Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Meld asseblief verwysingsnommers in alle korrespondensie
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie minuut.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die minuut.
"*Appendix A - Contingency plan template*" (grootte: 74 KB)

na bo

Maak omsendbrief toe **Close this Minute** **Byela emva**